

# Die Kruisweg met Skriftekste en Gesange

Eerste Uitgawe, Maart 2021

© DIE ORATORIUM UITGEWERY™
‘n Afdeling van die Kongregasie van die Oratorium van
St. Filip Neri in Oudtshoorn, ‘n Geregistreerde Openbare Weldaadsorganisasie:
Registrasie nommer 93/0000/036

Posbus 407, Oudtshoorn, 6620
Tel: (044) 203 9600 | Faks: (044) 272 0822

Publikasies van DIE ORATORIUM UITGEWERY™ verwoord die geloof, leerstellings en die lewe van die Katolieke Kerk. Dit is onder andere gebaseer op die Heilige Skrif, die dokumente van die Tweede Vatikaanse Konsilie en die Universele Kategismus van die Katolieke Kerk.

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat– of bandopname, mikroverfilming of enige ander stelsel van inligtingsbewaring en –ontsluiting.

Uitleg, tipografie en setwerk: DIE ORATORIUM UITGEWERY™

ERKENNING

© Aanhalings uit die Bybel in Afrikaans (1953-vertaling): Uitgegee deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Waar dié vertaling gebruik is, word dit aangedui deur (OV).

© Aanhalings uit die Bybel in Afrikaans (1983-vertaling) met verlof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Waar dié vertaling gebruik is, word dit aangedui deur (NV).

© Aanhalings uit die Bybel (2020-vertaling) met verlof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Waar dié vertaling gebruik is, word dit aangedui deur (DV).

# Die Kruisweg
## met Skriftekste en Gesange

*Eerste Stasie* Jesus word tot die dood veroordeel

*Tweede Stasie* Jesus neem die kruis op

*Derde Stasie* Jesus val die eerste keer

*Vierde Stasie* Jesus ontmoet sy moeder

*Vyfde Stasie* Simon van Ciréne help Jesus om die kruis te dra

*Sesde Stasie* Veronica droog die gesig van Jesus af

*Sewende Stasie* Jesus val die tweed keer

*Agste Stasie* Jesus troos die wenende vroue

*Negende Stasie* Jesus val die derde keer

*Tiende Stasie* Jesus word van sy klere beroof

*Elfde Stasie* Jesus word aan die kruis gehang

*Twaalfde Stasie* Jesus sterf aan die kruis

*Dertiende Stasie* Jesus word van die kruis afgehaal en op die skoot van sy moeder gelê

*Veertiende Stasie* Jesus word in die graf neergelê

*"Mag Christus, wat alreeds die dood oorwin het en die weg na ons ewige verlossing vir ons oopgemaak het, die duisternis van ons ellende en lyding verdryf en ons voortlei in die daglig van sy heerlikheid, 'n dag sonder einde."* Pous Franciskus (1936 - )

## INTREE GESANG

God van liefde en genade
hoor my stem, my smeekgebed.
Tot U kom ek met die skade
maak my rein van al my smet.
***R/*** *O my Jesus, o my Here,*
*laat my nie in sonde sterf.*
*Gee my krag en u genade*
*hou my weg van die verderf.*

My gewete rus so swaar en
al my dade kla my aan:
Vader, hoor my, Vader, hou my,
Vader, laat my nie begaan. ***R/***

Dit is waar dat my verlede
soos 'n berg hier voor my staan,
maar ek weet U is my hede
voor U laat ek alles gaan. ***R/***

O my Heiland, en my Here
aan die kruis het U gehang
en vandaar is ek vergewe
nou hoor ek die engelsang. ***R/***

*(Uit die Sing voor die Here 2020, nr. 141)*

Voorganger: 'n Voorlesing uit die boek Jesaja

"Nogtans, ons siektes, Hy het dit gedra, en ons smarte, Hy het dit op Hom gelaai. Maar ons het Hom beskou as iemand wat

gekasty word, geslaan deur God, en verneder. Hy is egter deurboor oor ons oortredings, verbrysel oor ons sondeskuld. Die straf wat ons vrede bewerk, was op Hom, en deur sy wonde is daar vir ons genesing. Ons almal het soos kleinvee gedwaal, elkeen van ons het sy eie koers ingeslaan; maar die HERE het ons almal se sondeskuld op Hom laat neerkom. Hy is mishandel, maar Hy het Hom daaraan onderwerp en nie sy mond oopgemaak nie – soos 'n skaap wat ter slagting gebring word, soos 'n ooi wat voor haar skeerders stom is. Hy het sy mond nie oopgemaak nie." *(Jesaja 53:4-7, DV)*

Voorganger: Christus het vir ons gely en ons vooruitgegaan.
Almal: Wys ons u weg, o Here.

Voorganger: Laat ons bid: Almagtige, ewige God, om u wil te vervul, het ons Heiland vlees aangeneem en 'n bitter dood aan die kruis gesterwe. Maak ons gewillig om die kruise te aanvaar wat ons op ons lewensweg teëkom.

## EERSTE STASIE

### JESUS WORD TOT DIE DOOD VEROORDEEL

Voorganger: Ons aanbid U en prys U, Here Jesus Christus,
Almal: want deur u heilige kruis het U die wêreld verlos.

Voorleser: 'n Voorlesing uit die Evangelie volgens Johannes

"Toe Pilatus hierdie woorde hoor, het hy Jesus na buite gebring, en op die regbank gaan sit op die plek wat Klipplaveisel genoem word – in Hebreeus *Gabbata*. Dit was die Voorbereidingsdag vir die Pasga, ongeveer die sesde uur. Toe sê Pilatus vir die Jode: "Kyk, daar is julle koning!" Hulle het egter geskreeu: "Weg, weg met hom! Kruisig hom!" Pilatus sê vir hulle: "Moet ek julle koning kruisig?" Die leierpriesters het geantwoord: "Ons het nie 'n koning nie, slegs die keiser." Toe lewer hy Hom aan hulle uit om gekruisig te word. En hulle het Jesus weggelei." *(Johannes 19:13 -16, DV)*

*Stille oorpeinsing*

Voorganger: Laat ons bid: God deur die nederigheid en geduld van u Seun, wat sonder sonde tot die dood veroordeel is, het U oor die hoogmoed van ons aartsvyand, die Satan, geseëvier.
Almal: Ons bid U, bevry ons van sy heerskappy, en laat ons Jesus in nederigheid navolg, sodat ook ons die ewige dood sal ontkom. Mag u voorbeeld, Here, ons leer om ons lyding te verduur.

Voorganger: Gekruisigde Here Jesus Christus.
Almal: Ontferm U oor ons.

*Die volgende vers word gesing*

O, die bitter vonnis
is reeds uitgespreek,
en so word die sonde
op die Heer gewreek.

## TWEEDE STASIE

### JESUS NEEM DIE KRUIS OP

Voorganger: Ons aanbid U en prys U, Here Jesus Christus,
Almal: want deur u heilige kruis het U die wêreld verlos.

Voorleser: 'n Voorlesing uit die Evangelie volgens Johannes

> "En hulle het Jesus weggeneem om gekruisig te word. Jesus het self sy kruis gedra en uitgegaan na die Kopbeenplek, soos dit genoem is, in Hebreeus "Golgota". Daar het hulle Hom gekruisig en saam met Hom twee ander, een aan elke kant, met Jesus in die middel." *(Johannes 19:16-18, OV)*

*Stille oorpeinsing*

Voorganger: Laat ons bid: Here Jesus Christus, ons belowe om ons kruise op te neem, en U op die pad van nederigheid te volg.
Almal: Gee ons krag op ons lewensweg, sodat ons U waardig mag volg en daardeur die vreugde van die ewige lewe kan bereik

Voorganger: Gekruisigde Here Jesus Christus.
Almal: Ontferm U oor ons.

*Die volgende vers word gesing*

Op sy skouers word die
sware kruis gelê,
want die Heer se juk wou
ek nie op my hê.

## DERDE STASIE

### JESUS VAL DIE EERSTE KEER

Voorganger: Ons aanbid U en prys U, Here Jesus Christus,
Almal: want deur u heilige kruis het U die wêreld verlos.

Voorleser: ‘n Voorlesing uit die Evangelie volgens Matteus

“Toe kom Jesus met sy dissipels by ‘n plek met die naam Getsemane, en Hy sê vir hulle: “Sit hier terwyl Ek daar gaan bid.” Hy het vir Petrus en die twee seuns van Sebedeus saamgeneem. Toe het Hy bedroef en beangs geword en vir hulle gesê: “Ek voel doodsbenoud. Bly hier en waak saam met My.” Hy het ‘n bietjie verder gegaan en daar gekniel met die gesig teen die grond en gebid: “My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by My verbygaan. Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil.” *(Matteus 26:36-39, OV)*

*Stille oorpeinsing*

Voorganger: Laat ons bid: Here Jesus Christus, uit liefde vir ons het U die sondes van die wêreld gedra, en byna beswyk onder die las van die kruis.
Almal: Ons bid U, gee ons die krag van u genade om die sonde te verwerp en u gebooie getrou te onderhou, sodat ons die kroon van die ewige lewe mag ontvang.

Voorganger: Gekruisigde Here Jesus Christus.
Almal: Ontferm U oor ons.

*Die volgende vers word gesing*

Vir die eerste keer val
Jesus op die grond.
Dis oor ek geval het,
dis ek wat Hom wond.

## VIERDE STASIE

### JESUS ONTMOET SY MOEDER

Voorganger: Ons aanbid U en prys U, Here Jesus Christus,
Almal: want deur u heilige kruis het U die wêreld verlos.

Voorleser: 'n Voorlesing uit die Evangelie volgens Johannes

> "By die kruis van Jesus het sy moeder en sy moeder se suster en Maria, die vrou van Klopas, en ook Maria Magdalena gestaan. Toe Jesus sy moeder sien, asook die dissipel vir wie Hy lief was, wat by haar staan, sê Hy vir sy moeder: "Vrou, kyk, daar is u seun!" Daarna sê Hy vir die dissipel: "Kyk, daar is jou moeder!" En van daardie oomblik af het die dissipel haar in sy huis geneem." *(Johannes 19:25-27, DV)*

*Stille oorpeinsing*

Voorganger: Laat ons bid: Here Jesus Christus, u heilige Moeder het U op die kruisweg ontmoet om U lyding te deel.
Almal: Verleen ook aan ons ware gevoelens van smart en medelye en opregte berou. Mag ons in alle lyding en nood by U en u geliefde Moeder troos en hulp vind.

Voorganger: Gekruisigde Here Jesus Christus.
Almal: Ontferm U oor ons.

*Die volgende vers word gesing*

> Jesus en Maria
> het mekaar ontmoet,
> en in bitter smarte
> vir my skuld geboet.

## VYFDE STASIE

### SIMON VAN CIRÉNE HELP JESUS OM DIE KRUIS TE DRA

Voorganger: Ons aanbid U en prys U, Here Jesus Christus,
Almal: want deur u heilige kruis het U die wêreld verlos.

Voorleser: 'n Voorlesing uit die Evangelie volgens Markus

> "Die soldate het iemand wat daar verby gekom het, gekommandeer om Jesus se kruis te dra. Dit was Simon van Ciréne, wat

van buite die stad afgekom het, hy was die vader van Rufus en Alexander. Hulle bring Jesus toe na 'n plek Golgota, wat Kopbeenplek beteken." *(Markus 15:21-22, OV)*

*Stille oorpeinsing*

Voorganger: Laat ons bid: Here Jesus Christus, Koning van die hemel, U wat die heelal deur u almag regeer; die kruis het u kragte uitgeput, en Simon van Ciréne moes U kom help.
Almal: Vul ons harte met liefde vir U en vir al ons naastes, sodat ons moedig ons kruise sal dra en ander sal bystaan.

Voorganger: Gekruisigde Here Jesus Christus.
Almal: Ontferm U oor ons.

*Die volgende vers word gesing*

Simon van Ciréne
moet die kruis help dra.
Heer, ek wil my kruis dra
sonder om te kla.

## SESDE STASIE

### VERONICA DROOG DIE GESIG VAN JESUS AF

Voorganger: Ons aanbid U en prys U, Here Jesus Christus,
Almal: want deur u heilige kruis het U die wêreld verlos.

Voorleser: 'n Voorlesing uit die Evangelie volgens Matteus

"Toe Jesus in Betanië in die huis van Simon die Melaatse was, het 'n vrou na Hom gekom met 'n albasterfles baie kosbarre reukolie, en dit oor sy kop uitgegiet terwyl Hy vir ete aangeleun het. Toe die dissipels dit sien, was hulle verontwaardig en vra: "Waarom hierdie verkwisting? 'n Mens kon dit vir baie geld verkoop het, wat aan die armes gegee kon word." Toe Jesus dit merk, sê Hy vir hulle: "Waarom maak julle dit vir haar moeilik? Sy het immers 'n goeie daad aan My gedoen. Die armes het julle altyd by julle, maar vir My het julle nie altyd nie. Toe sy hierdie reukolie oor my liggaam uitgegooi het, het sy dit gedoen met die oog op my begrafnis." *(Matteus 26:6-8 en 10-12, DV)*

*Stille oorpeinsing*

Voorganger: Laat ons bid: Jesus Christus ewebeeld van die ewige Vader, U het Veronica beloon deur u bebloede gesig op haar sweetdoek af te druk as aandenking van haar gebaar van sorg en liefde.
Almal: Ons dank U vir u liefde, en self wil ons ook liefde aan ons naaste bewys, sodat ons waardig mag word om u aangesig in alle ewigheid te aanskou.

Voorganger: Gekruisigde Here Jesus Christus.
Almal: Ontferm U oor ons.

*Die volgende vers word gesing*

Sy gesig druk Jesus
in die sweetdoek af,
so beloon Hy hulle
wat Hom troos verskaf.

## SEWENDE STASIE

### JESUS VAL DIE TWEEDE KEER

Voorganger: Ons aanbid U en prys U, Here Jesus Christus,
Almal: want deur u heilige kruis het U die wêreld verlos.

Voorleser: 'n Voorlesing uit die Evangelie volgens Lukas

"Die manne wat Jesus bewaak het, het aangehou om met Hom die spot te dryf en Hom te slaan. Hulle het Hom geblinddoek en het gesê: "Jy is mos 'n profeet! Sê wie het jou geslaan!" En nog baie ander godslasterlike dinge het hulle Hom toegesnou." *(Lukas 22:63-65, OV)*

*Stille oorpeinsing*

Voorganger: Laat ons bid: Jesus, ons Hoëpriester en Middelaar, u menslike swakheid gee ons die moed om met vertroue na U te kom.
Almal: Wees ons genadig en lei ons in u almag, sodat ons van die sonde afstand kan doen.

Voorganger: Gekruisigde Here Jesus Christus.
Almal: Ontferm U oor ons.

*Die volgende vers word gesing*

Nogtans val die Here
vir die tweede keer.
Ag, hoe voel my hart nou
oor my sondes seer.

## AGSTE STASIE

### JESUS TROOS DIE WENENDE VROUE

Voorganger: Ons aanbid U en prys U, Here Jesus Christus,
Almal: want deur u heilige kruis het U die wêreld verlos.

Voorleser: ‘n Voorlesing uit die Evangelie volgens Lukas

“’n Groot menigte van die volk het Hom gevolg, en ook vroue wat aanhoudend op hulle bors slaan en oor Hom weeklaag. Jesus het na hulle toe gedraai en gesê: “Dogters van Jerusalem, moenie oor My huil nie! Huil liewer oor julleself en oor julle kinders, want kyk, daar kom dae wanneer mense sal sê, ‘Gelukkig is diegene wat onvrugbaar is, en die moederskoot wat nie ’n kind in die wêreld gebring nie, en die borste wat nie kinders gevoed het nie.’ “Dan sal hulle vir die berge begin sê: ‘Val op ons!’ en vir die heuwels:‘ Bedek ons!’ “ *(Lukas 23:27-30, DV)*

*Stille oorpeinsing*

Voorganger: Laat ons bid: O Jesus, troos van die bedroefdes en toevlug van die wat in nood is, U het die vroue van Jerusalem getroos en aangemoedig om berou te hê oor hulle sondes.
Almal: Gee dat ons ook berou mag hê oor ons sondes en op die oordeelsdag die ewige lewe saam U kan binnegaan.

Voorganger: Gekruisigde Here Jesus Christus.
Almal: Ontferm U oor ons.

*Die volgende vers word gesing*

Heer, U troos die vrouens
deur hul te waarsku.
Laat my tog die sonde
vrees, dit smeek ek U.

## NEGENDE STASIE
### JESUS VAL DIE DERDE KEER

Voorganger: Ons aanbid U en prys U, Here Jesus Christus,
Almal: want deur u heilige kruis het U die wêreld verlos.

Voorleser: 'n Voorlesing uit die Evangelie volgens Matteus

> "Daarna vat die soldate van die goewerneur vir Jesus in die ampswoning in en bring die hele leërafdeling rondom Hom bymekaar. Hulle trek toe sy klere uit en gooi 'n pers mantel vir hom om. Hulle vleg 'n doringkroon en sit op sy kop en gee Hom 'n stok in sy regterhand. Toe bespot hulle Hom deur voor Hom te buig en te sê: "Ons groet u, koning van die Jode!" Hulle het op Hom gespoeg en die stok gevat en Hom oor die kop geslaan." *(Matteus 27:27-30, OV)*

*Stille oorpeinsing*

Voorganger: Laat ons bid: Here Jesus Christus, ons God en ons Heiland, U het ons menslike natuur aangeneem met al sy swakhede, die sonde uitgesluit. U het moeg geword en drie keer onder die kruis geval om ons van swakheid te bevry.
Almal: Ons bid U, gee ons van u krag om U standvastig na Golgota te volg.

Voorganger: Gekruisigde Here Jesus Christus.
Almal: Ontferm U oor ons.

*Die volgende vers word gesing*

O, ons arme Heiland
val die derde maal,
want my sonde is mos
altyd weer herhaal.

## TIENDE STASIE
### JESUS WORD VAN SY KLERE BEROOF

Voorganger: Ons aanbid U en prys U, Here Jesus Christus,
Almal: want deur u heilige kruis het U die wêreld verlos.

Voorleser: 'n Voorlesing uit die Evangelie volgens Johannes

> "Toe die soldate Jesus gekruisig het, het hulle sy bokleed geneem en dit in vier dele verdeel, vir elke soldaat 'n deel, en so

ook sy onderkleed. Maar die onderkleed was naatloos, van bo tot onder aaneen geweef. Hulle sê toe vir mekaar: "Laat ons dit nie skeur nie, maar loot wie dit moet kry," sodat die Skrif vervul sou word wat sê: 'Hulle het my boklere onder mekaar gedeel en oor my klere het hulle die lot gewerp." Dit is wat die soldate gedoen het." *(Johannes 19:23-24, DV)*

*Stille oorpeinsing*

Voorganger: Laat ons bid: Here Jesus Christus, voor die vyandige skare is U op skandelike wyse van u laaste bietjie waardigheid, u klere, beroof. Help ons om te groei in dankbaarheid vir alles wat U om ons ontwil verduur het, en laat ons die sonde verafsku.
Almal: Kom ons harte binne met u liefde, sodat ons u hemelse Vader mag behaag.

Voorganger: Gekruisigde Here Jesus Christus.
Almal: Ontferm U oor ons.

*Die volgende vers word gesing*

Jesus word voor almal
skandelik ontbloot,
deur my wellus ly Hy
hier die bitter nood.

## ELFDE STASIE

### JESUS WORD AAN DIE KRUIS GEHANG

Voorganger: Ons aanbid U en prys U, Here Jesus Christus,
Almal: want deur u heilige kruis het U die wêreld verlos.

Voorleser: 'n Voorlesing uit die Evangelie volgens Markus

"Toe kruisig hulle Hom en verdeel sy klere onder mekaar deur lootjies te trek oor wat elkeen moet kry. Dit was nege-uur die more toe hulle Hom gekruisig het. En die rede waarom Hy gekruisig is, was op 'n bordjie aan die kruis geskrywe: 'Die koning van die Jode.' Saam met Hom het hulle ook twee rowers gekruisig, een regs en een links van Hom." *(Markus 15:24-27, OV)*

*Stille oorpeinsing*

Voorganger: Laat ons bid: Here Jesus Christus, U het belowe: 'As Ek van die aarde af verhoog is, sal Ek almal na My toe trek.'
Almal: Liefdevolle Verlosser, laat die hele wêreld u groot liefde besef. Laat ons self ons kruise opneem en U volg, sodat ons in alle ewigheid by U mag wees.

Voorganger: Gekruisigde Here Jesus Christus.
Almal: Ontferm U oor ons.

*Die volgende vers word gesing*

Wreed deurboor die spykers
vreeslik hand en voet.
Heer, ek wil deur lyding
vir my sondes boet.

## TWAALFDE STASIE

### JESUS STERF AAN DIE KRUIS

Voorganger: Ons aanbid U en prys U, Here Jesus Christus,
Almal: want deur u heilige kruis het U die wêreld verlos.

Voorleser: 'n Voorlesing uit die Evangelie volgens Matteus

"Van twaalfuur af het daar duisternis oor die hele land gekom, en dit het tot drie-uur geduur. Teen drie-uur het Jesus hard uitgeroep: 'Eli, Eli, lemá sabagtani?' Dit is: 'My God, my God, waarom het U My verlaat?' Party van die wat daar gestaan en Hom gehoor het, het gesê: 'Hy roep vir Elia.' Een van hulle hardloop toe gou, vat 'n spons en maak dit vol suur wyn en hou dit op 'n stok vir Hom om te drink. Maar die ander sê: 'Wag, laat ons kyk of Elia Hom kom red.' Jesus het weer hard uitgeroep en die laaste asem uitgeblaas. *(Matteus 27:45-50, OV)*

*Stille oorpeinsing*

Voorganger: Heilige God.
Almal: Ontferm U oor ons.

Voorganger: Heilige Almagtige.
Almal: Ontferm U oor ons.

Voorganger: Heilige Onsterflike.
Almal: Ontferm U oor ons

Voorganger: Wees ons genadig, o Here.
Almal: En skenk ons u reddende hulp.

Voorganger: Laat ons bid: Here Jesus Christus, Hoëpriester van die Nuwe Verbond, U het ons verlos deur u bloed, en U tree as Middelaar vir ons in by die Vader. Aan die kruis het U die berouvolle misdadiger vergewe en nog steeds bring U die Vader se vergifnis aan ons.
Almal: Ook ons bid nou: Dink aan ons, Here, wanneer U in u koninkryk kom. Mag u lyding en dood ons tot heil wees. Ontferm U oor ons, veral in die uur van ons dood.

Voorganger: Gekruisigde Here Jesus Christus.
Almal: Ontferm U oor ons.

*Die volgende vers word gesing*

> Met 'n kreet buig Jesus
> nou sy hoof en sterf.
> Heer, laat deur u sterwe
> my die lewe erf.

## DERTIENDE STASIE

### JESUS WORD VAN DIE KRUIS AFGEHAAL EN OP DIE SKOOT VAN SY MOEDER GELÊ

Voorganger: Ons aanbid U en prys U, Here Jesus Christus,
Almal: want deur u heilige kruis het U die wêreld verlos.

Voorleser: 'n Voorlesing uit die Evangelie volgens Lukas

> "En kyk, daar was ook 'n man met die naam Josef, 'n lid van die Raad, 'n goeie en regverdige man. Hy het nie met hulle besluit en optrede saamgestem nie. Hy was afkomstig van die Joodse dorp Arimatea, en het uitgesien na die koninkryk van God. Hy het na Pilatus gegaan en Jesus se liggaam gevra. Nadat hy die liggaam afgehaal het, het hy dit in linnedoeke toegedraai ..." *(Lukas 23:50-53a, DV)*

*Stille oorpeinsing*

Voorganger: Laat ons bid: O God, dit is u heilige wil dat die uitverkorenes aan U gelykvormig moet word. So moes Maria, die geseënde onder die vroue, deel in die Lyding van u Seun om uiteindelik Koningin van die Martelare te word.
Almal: Mag ons op haar voorspraak die troos en krag verkry om self deelagtig te word aan Christus se Lewe en Lyding.

Voorganger: Gekruisigde Here Jesus Christus.
Almal: Ontferm U oor ons.

*Die volgende vers word gesing*

Stil as lyk lê Jesus,
Moeder, op u skoot,
saam met u, o Moeder,
ween ek oor sy dood.

## VEERTIENDE STASIE

### JESUS WORD IN DIE GRAF NEERGELÊ

Voorganger: Ons aanbid U en prys U, Here Jesus Christus,
Almal: want deur u heilige kruis het U die wêreld verlos.

Voorleser: 'n Voorlesing uit die Evangelie volgens Johannes

"By die plek waar Hy gekruisig is, was daar 'n tuin, en in die tuin 'n nuwe graf, waarin niemand nog ooit neergelê is nie. Daar het hulle Jesus toe neergelê, omdat dit die Voorbereidingsdag van die Jode was, en aangesien die graf daar naby was." *(Johannes 19:41-42, DV)*

*Stille oorpeinsing*

Voorganger: Laat ons bid: Here Jesus Christus, U is die Opstanding en die Lewe. In U besit ons die hoop dat ons liggame ook tot 'n nuwe lewe sal verrys.
Almal: Gee ons die genade om ons los te maak van aardse dinge en al hoe meer na U te soek, sodat ons in die hiernamaals die ewige lewe mag verkry.

Voorganger: Gekruisigde Here Jesus Christus.
Almal: Ontferm U oor ons.

*Die volgende vers word gesing*

Teer lê hulle Jesus
in die graf ter rus.
Here, laat my altyd
in u Wil berus.

## SLOTGEBED

Voorganger: Almagtige, ewige God, deur die Kosbare Bloed van u Seun is ons weer met U versoen, daarom durf ons saambid:
Almal: Onse Vader……

Voorganger: Laat ons bid:
Almal: O God, wat deur die Kosbare Bloed van u eniggebore Seun die kruis geheilig het, ons bid U dat dié wat hulle blydskap vind in dieselfde kruis, ook die beskerming daarvan mag geniet; Deur Christus onse Here. Amen.

## SLOTGESANG

God het my vergeef in Jesus Naam,
ek's 'n nuwe mens in Jesus Naam.
En in Jesus Naam kom ek na jou
met die boodskap van Gods liefdetrou.
***R/*** *Hy sê:*
*Kom na My, kom na My, kom nou na My,*
*Ek sal vir jou nou genees.*
*Glo in My en dan sal jy altyd leef*
*dit is my gawe aan jou.*

Alle krag vind jy in Jesus Naam,
alle vrede ook in Jesus Naam.
En in Jesus Naam kom ek na jou
met die boodskap van sy mag so trou. ***R/***

God het my laat leef in Jesus Naam,
en Hy leef in my in Jesus Naam.
En in Jesus Naam kom ek na jou
met die boodskap: Ja, Hy leef in jou. ***R/***

*(Uit die Sing voor die Here 2020, nr. 137)*

*"God raak nooit daarvoor moeg om ons te vergewe nie, dit is ons wat moeg raak om sy barmhartigheid af te smeek."* Pous Franciskus (1936 - )